

MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

10 MAY 2011

ANC's misuse of religion continues

"We deplore the inaptitude of the ANC to compare the Freedom Charter with the Bible, and regard this as a continued integral part of the ANC's strategy to portray themselves as a Christian Party, and its leaders of possessing some Saint status," says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"Despite many churches condemning this ANC strategy, the Party seems bent on continuing to mislead the public into believing that they are voting according to God's will by voting for the ANC, whilst in fact the ANC has made no effort or even suggested scrapping offensive laws, such as abortion on demand, gambling or pornography."

"We insist that the ANC stops this blasphemy. God is not a political gimmick."

ANC se misbruik van godsdiens word volgehou

"Ons is baie ongelukkig dat die ANC die Vryheidsmanifes met die Bybel vergelyk, en beskou dit as 'n integrale deel van die ANC se strategie om die party as 'n Christelike party voor te stel, en dat die leiers 'n soort verheiligde status beklee," aldus die leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP), ds. Theunis Botha.

"Ten spyte daarvan dat baie kerke die ANC se strategie veroordeel het, lyk dit of die ANC vasbeslote is om met hierdie strategie die kiesers wolle oor die oë te trek, en te laat glo dat hulle God se wil uitvoer deur vir die ANC te stem. Intussen het die ANC geen poging aangewend of selfs met 'n sweempie laat blyk dat dit enige onaanvaarbare wette, soos aborsie op aanvraag, dubbel of pornografie van die wetboek gaan verwyder nie."

"Ons dring aan daarop dat die ANC hierdie godslastering staak. God is nie 'n politieke foefie nie."

Agtergrond

Nuuskommentaar: Misbruik van godsdiens in politiek – Vryheidsmanifes nou met Bybel vergelyk

Die ANC se Vryheidsmanifes, beter bekend as die Freedom Charter, het met die huidige verkiesing selfs nog meer aktueel geword as met vorige verkiesings.

Nie alleen word gou na die manifes gegryp as beleid skynbaar ongrondwetlik is nie – iets wat al verskeie kere op hofsake uitgeloop het waar die grondwet gehandhaaf is, maar ook omdat die DA ook nou aangedui dat dit die manifes onderskryf.

Intussen het die minister van Energie, Dipuo Peters, die manifes gebruik om die omstrede kwessie oor die ANC se gebruik van die Christelike geloof om verkiesingspropaganda te maak, 'n stappie verder gevoer deur die manifes te vergelyk met beginsels wat in die Bybel gestel word.

Reeds in sy tweede punt maak die manifes melding dat die mense van hul geboortereg op grond beroof is. Grondonteiening word later in die vooruitsig gestel, en so ook die nasionalisering van mineraleregte, myne en die banke. Die nuwe grondeienaars sal van alles voorsien word wat nodig is om voedselsekuriteit te verseker.

Die manifes bevat ook mooi ideale, maar dit is nogal opvallend dat dit juis daardie ideale is wat in die teenoorgestelde realiseer, soos die verskillende gemeenskappe se reg op gelyke taalberegtiging.

Trouens, Pansat het vroeg in sy bestaan die regering self as die grootste oortreder van die grondwet se taalbepalings verskaf.

Dit is 'n teologiese vraag of 'n dokument wat uitsluitlik humanisties opgestel is in 'n tyd, 1955, toe die SAKP die ANC sterk begin oorheers het, enigsins met die Bybel vergelyk kan word.

Die Christen-Demokratiese Party het al by verskeie geleenthede daarop gewys dat die ANC in die aanloop tot die verkiesingsveldtog en die veldtog self, waar herhaaldelik op 'n spesiale status voor

God aanspraak gemaak is, nog nie een keer beloop het om enige van die wette wat strydig met die Bybel is, te herroep nie. Daar is verskeie, soos die aborsiewetgewing wat as van die mees liberale in die wêreld beskou word, die wetgewing oor staatslotery, die beskikbaarheid van pornografie en ander. Van die ouer Suid-Afrikaners sal onthou hoeveel druk die kerke op die vorige regering uitgeoefen het om die bonusobligasies te onttrek, al het die houers daarvan hul geld met rente belê. Dit is veroordeel oor die element van die geluksgodin om bonusse te verdien. Dit is moeilik om die skade aan en lyding van gesinne te meet wat hul broodgeld in Lotto-spelery kwyt is.

So opsigtelik span die ANC die Here as verkiesingsfoefie in, dat al die noemenswaardige kerke dit al veroordeel het. Dit sluit die susterkerke, die APK, die AGS en vele meer in. Die VGK het selfs so ver gegaan om sy lidmate af te raai om vir die ANC te stem, terwyl die NG Kerk sy vermanings onlangs opgevolg het met 'n vermaning dat ook hierdie kerk sy lidmate kan afraai om ANC te stem.

Sedertdien is minstens twee gevalle gerapporteer waaruit dit blyk dat die ANC hom nie hieraan steur nie.

Die standpunt van die Christen-demokrasie is duidelik: Die Here is niemand se verkiesingsfoefie nie – die Christen is God se werktuig.

'n Oorhandigingsplegtigheid by PetroSA op Mosselbaai het uiteindelik in 'n ANC verkiesingsveldtog ontaard. Die nasionale oliemaatskappy het agt-komma-vyf miljoen rand aan die plaaslike munisipaliteit geskenk vir konstruksiewerk en opruimingsprojekte tot voordeel van die gemeenskap. Die saamtrek het egter 'n verkiesingsgeleentheid geword toe die Minister van Energie, Dipuo Peters, die regerende party gepropageer het. Die burgemeester van die dorp, Marie Ferreira sê sy is geskok oor hoe die geselligheid ontaard het. Peters het die ANC se Vryheidsmanifes vergelyk met die beginsels wat in die Bybel gestel word. RSG